Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 11

NOVEMBER 2011

VISUELE KUNSTE V2

PUNTE: **50**

TYD: **Minimum van 6 uur en maksimum van 18 uur.**

*** V I S L E A 2 ***

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings.

   AFDELING A: BRONBOEK/JOERNAAL/WERKBOEK.

   AFDELING B: DIE KUNSWERK.

2. Beantwoord ALLE vrae in AFDELING A en AFDELING B.

3. Hierdie eksamen moet deur die Visuele Kunste onderwyser bekendgestel en gefasiliteer word.

4. In hierdie eksamen sal daar van jou verwag word om die volgende vaardighede te demonstreer:

   - Die onafhanklike en kreatiewe toepassing van gevorderde benaderings om idees te ontwikkel in reaksie tot ʼn projek-opdrag.

   - ʼn Gevorderde graad van tegniese vaardigheid in die gebruik van ʼn reeks materiale en tegnieke.

   - Die vermoë om visuele en konseptuele probleme op te los in die skepping van verbeeldingryke en innoverende kunswerk, met die aanwending van ʼn persoonlike, ekspressiewe visuele taal.

   - Die effektiewe bestuur van sowel die tyd as die werksproses en ook die aanbieding van eie werk op ʼn professionele wyse, sodat die beeldende en konseptuele impak van die werk verhoog word.

5. Jou voorbereidende visuele kunste praktiese eksamen vir Graad 11 verteenwoordig die toppunt van jou visuele kunsstudies hierdie jaar.

6. Jou kreatiwiteit, oorspronklikheid en vaardighede sal op hoë vlak vertoon word. Mag jy dit geniet om hierdie kunswerk te skep en laat dit op ʼn vars en oorspronkliklike wyse jou persoonlike ervaring weerspieël.

AFDELING A: BRONBOEK /WERKBOEK/JOERNAAL

VRAAG 1

Die bronboek vorm 'n belangrike gedeelte van hierdie eksamen. Jy mag by die skool sowel as tuis hieraan werk. Dit verskaf insig oor jou gedagtevorming/ idees/ sieninge/menings en alternatiewe wat jy ondersoek het, sowel as ander prosesse wat aanleiding gee tot die finale werk. Jou bronboek behoort jou denkpatrone oor te dra.

Hierdie bronboek MOET duidelik as eksamenstuk gemerk wees en afsonderlik van jou jaarwerk se bronboek aangebied word.

Direkte kopiëring vanuit tydskrifte, internet, ens., is NIE toelaatbaar NIE. Direkte kopiëring van 'n beeld wat nie jou eie is nie, **sal gepenaliseer word**. Dit is 'n vorm van plagiaat en is onaanvaarbaar.

Die bronboek is deel van jou kreatiewe reis tot die ontwikkeling van die finale werk en behoort die ontwikkelingsproses van jou eie oorspronklike beelde te reflekteer as jou eie interpretasie.

Die volgende behoort as kontrolelys vir jou bronboek aangewend te word:

- Hierdie eksamenopdrag moet voor in jou eksamenbronboek geplak word.
- Sluit ten minste EEN geskrewe bladsy van jou voorneme/rasionaal in.
- Sluit minstens VIER bladsye van ondersoek en navorsing vir moontlike benaderings en/of idees in. Dit moet bestaan uit bronmateriaal soos sketse, tekeninge, foto's, beelde, aantekeninge en invloede van ander kunstenaars as inspirasie. Alle materiale moet verband hou met die ontwikkeling van jou werk en moet jou besluite staaf.
- Dit is belangrik om persoonlik en oorspronklik kreatief voorbereidende/komposisionele sketse en tekeninge te skep wat gebaseer is op jou aangeduide bronne.
- Sluit minstens TWEE komposisionele tekeninge/collages/byeengekomtes (assemblages) in.
- Sluit 'n geskrewe slotsom in (minstens EEN bladsy) oor hoe jy die hantering, bestuur en voltooiing van jou projek ervaar het.
- As jou projek meer proses-georiënteerd is, sluit bewyse in van die kreatiewe proses, met deurlopende dokumentering met behulp van foto's, eksperimente en/of tekeninge.

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B: DIE KUNSWERK

Hierdie eksamenwerk moet in die teenwoordigheid van die Visuele Kunste onderwyser binne die beperkinge van die klaskamer gedoen word.

ALGEMENE RIGLYNE

1. Daar word van jou verwag om EEN kunswerk in die PRAKTIESE DISSIPLINE VAN JOU KEUSE te produseer.

2. Jou werk mag aangebied word as ʼn enkelstuk, of moontlik in die vorm van ʼn diptiek, triptiek of ʼn reeks werke wat as een kunswerk gelees word.

3. Die kunswerk mag NIE uit die klaskamer verwyder word nie. Dit sal as ʼn eksamen-onreëlmatigheid beskou word.

4. Jy mag die vraestel met jou Visuele Kunste onderwyser bespreek VOOR die aanvang van die eksamen.

5. Grootte: Geen beperkings, maar dit moet hanteerbaar en duursaam wees met die oog op vervoer na ʼn eksamensentrum, indien die provinsie dit vereis.

6. Onthou die belangrikheid van kunselemente en beginsels soos lyn, vorm, kleur, tekstuur, toon, ruimte, ritme/beweging, balans, harmonie, verhouding, gradering, verskeidenheid en komposisie.

7. Daar is geen spesifieke voorskrifte rakende die styl van die werk nie. Dit kan naturalisties, ekspressionisties, dekoratief, simbolies, abstrak, ens. wees.

8. Jy mag ander media inkorporeer om ʼn werk in gemengde media te skep in enige van die praktiese dissiplines.

"Mens en die Natuur"

Die bedoeling is dat hierdie tema jou moet inspireer en is oop vir 'n wye reeks vertolkings binne jou eie dissipline. Jou interpretasie behoort die hoogtepunt te wees van die kreatiewe proses waarop jy in Graad 10 vertrek het.

Die tema kan beskrywend, simbolies of metafories wees. Gebruik jou eie navorsingsmateriaal en vind 'n oorspronklike en kreatiewe oplossing om 'n waarlik individuele /persoonlike interpretasie van **Mens en die Natuur** te skep.

Verwys na die volgende definisies vir dieper insig oor die tema:

mens [man]
selfstandige nw. (*meervoudl* mense [men])

3. persoon: 'n persoon, ongeag geslag of ouderdom (*dikwels aanstootlik*)
   - *'n ses-man bemanning*

4. Menslike ras: die menslike ras in die algemeen *(dikwels aanstootlik*)

5. moderne of vroeëre menslike wese: 'n lid van 'n groep wat bestaan uit moderne mense en hul voorsate.
   Genus: *Homo* (*soms beskou as aanstootlik*)

na·tuur
(*meervoudl* na·ture)
Selfstandige naamwoord

1. Fisiese wêreld: die fisiese wêreld insluitend alle natuurlike verskynsels en lewende dinge

2. Natuurkragte wat die fisiese wêreld beheer: die kragte en prosesse wat gesamentlik die verskynsels van die fisiese wêreld beheer, afsonderlik van die menslike wilskrag of tussengang, soms verpersoonlik as 'n vrou genaamd "Moeder Natuur".

3. platteland: die platteland of die omgewing in 'n toestand relatief ongeaffekteerd deur menslike aktiwiteit of as tuiste vir lewende dinge buiten menslike wesens.

7. ware voorkoms of aspek: die voorkoms of aspek van 'n persoon, plek of ding wat beskou word as weergawe van realiteit.
   - *Die portret was merkwaardig natuurgetrou.*

8. primitiewe bestaan: 'n basiese staat van voortbestaan, onaangeraak en nie beïnvloed deur beskawing.

9. Natuurlik staat van die menslike ras: die natuurlike en oorspronklike toestand van die mensdom, soos onderskei vanuit 'n staat van genade

10. Universele menslike gedrag: die gedragspatrone of die morele standaarde wat universeel beskou en herken word as menslik
    Vryelik vertaal vanuit:

Microsoft® Encarta® 2009. © 1993–2008 Microsoft Corporation. All rights reserved.

Met verwysings na die bostaande definisies en kunswerke hierna, moet jy 'n kunswerk skep van jou keuse wat jou eie vertolking weergee van die tema in die dissipline van jou keuse. Die keuse van styl vir jou werk, kan volgens jou eie voorkeur wees!

Kunstenaars het hierdie tema sedert antieke tye in verskillende periodes van die geskiedenis verken. Dit is gedoen in ŉ verskeidenheid van style en kuns-ontwerpe.

Jy mag: die gedig interpreteer en daarna verwys; die kunswerke en foto's vir inspirasie en verbeelding aanwend:

"**Die Passievolle Herder en Sy Liefde"**

Deur Christopher Marlowe

Kom woon by my en wees my beminde,
En ons sal in al die plesiere bewys,
Dat valleie, bosse, heuwels en velde,
Woude of steil berge met vrug vergelde.

Op die rotse sal ons sit en kyk,
Hoe weiende herders-troppe lyk,
By vlak riviere, stroomversnelling,
Melodieuse voëls madrigale sing.

Ek maak vir jou beddens van rose,
ŉ duisend geurige ruikers − brose
Blommekedot en ŉ tabberd vir trou,
Met mirtborduursel waarvan jy sal hou!

ŉ Mantel gemaak uit wol so fyn,
Getrek uit ons lammertjies so rein,
Fraai pantoffels – soms is dit koud,
Met gespes van die suiwerste goud;

ŉ Lyfband van strooi en klimopknoppies,
Gespes van koraal en amberknopies,
As jy mag wees vir al die genoeë te vinde,
Kom woon dan by my en wees my beminde.

Die herderknape sal dans en sing,
Smôrens in Mei jou so vreugde bring!
Mag die plesiere jou gedagtes beweeg,
By my te kom woon en my beminde te wees.

(Vryelik vertaal uit Engels vanuit onderstaande bron)

Bron: The Columbia Anthology of British Poetry. Woodring, Carl and James Shapiro, eds New York, Columbia University Press, 1995

Microsoft® Encarta® 2009. © 1993−2008 Microsoft Corporation. All rights reserved.

Klein swart seun verdwaal in 'n wit woud, Louis Maqhubela, houtskool op papier, ongedateer.

Tapisserie, Azaria Mbatha, suiwer karakoelwol, c.1968.

***Waterverfskildery van 'n Voël*,** Hollandse kunstenaar − anoniem, c 1800.

Frida Kahlo, ***Selfportret met Klein Bobbejaan***, olieverf, 1945.

Soldate van die Keiserlike Lyfwag, terra-cotta figure, China, 210 VC.

Le Déjeuner sur l'herbe, ***Noenmaal op die Gras***, Edouard Manet, olieverf, 1863.

Standbeeld by San Agustín, Colombia, klip, 6de eeu VC

Die Dans, Henri Matisse, olieverf, 1909 – 1910.

Paas-eiland, Chile, **klipbeelde**, ongedateer.



Die Volharding van Geheue, Salvador Dali, olieverf, 1931.

***Troffel*,** Claes Oldenburg, metaal, 20ste Eeu.

Tuine by Versailles, Andre Le Notre, tussen 1662 en 1669.

BIBLIOGRAFIE:

1. De Jager, E. J. **Images of Man** − Contemporary South African Black Art and Artists

2. **Microsoft® Encarta®** 2009.© 1993 – 2008 Microsoft Corporation.

3. **Standard Bank** Learner Series 4/2010.